SONJA

Musiek Motivering & Inspirasie

www.sonjaherholdt.co.za

Sonja is tans besig met ’n motiveringsveldtog om vroue te inspireer om hul volle potensiaal te bereik en hulleself prakties en positief in hul omgewings te laat geld.

Dis alombekend dat die vrou binne die konteks van beide die gesin en die gemeenskap ’n fundamentele en baie belangrike rol vertolk. Die era waarin ons leef en die eise wat aan die moderne vrou gestel word het egter ’n nadelige inslag op haar vermoë om hierdie natuurlike rol te vervul. Die waarde en betekenis van vrouwees word in wese hierdeur geraak.

Op haar eie en unieke manier bied Sonja *Die HARTKLOP van VROUWEES* aan - ’n uurlange musiekmotiveringsprogram.

Hierdie program bied gehore die geleentheid om:

- te luister na ’n boodskap wat oorloop van begrip, deernis, humor en hoop;
- gemotiveer te word deur toepaslike musiek;
- eiewaarde te ontwikkel wat tot ’n gesonde selfbeeld kan lei.

As hoogtepunt van die program gee Sonja erkenning aan ’n vrou in die gehoor wat buitengewoon moeilike omstandighede oorkom en/of emosionele uitdagings op ’n merkwaardige wyse oorwin. Sodoende dien hierdie vrou as ’n inspirasie vir ander en haar vrouwees word gevier.

Die HARTKLOP van VROUWEES is ’n eerlike, openhartige program, propvol wyshede en waarhede, ’n ware inspirasie vir elke vrou. Soos Sonja self sê: *’n gesonde en heel vrou is die grootste gawe vir die wêreld*.